MANUS MOOLMAN (red.)
*Museums en omgewingsopvoeding/Museums and environmental education*
Pretoria: Nasionale Kultuurhistoriese Museum
1993
176 pp.
R35,00

Hierdie werk is een van die nuutste Suid-Afrikaanse publikasies op museumkundige gebied. Dit is terselfdertyd 'n verdere toevoeging tot die indrukwekkende lys van publikasies van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria.

In September 1992 is 'n simposium oor museums en omgewingsopvoeding in Pretoria aangebied. Sprekers uit verskillende vakgebiede het bydraes gelewer. Die redakteur van die publikasie, wat ook by die organisering en aanbieding van die simposium betrokke was, stel dit duidelik in die inleiding dat die doel van die simposium was om 'n beter begrip van die problematiek van omgewingsopvoeding by die simposiumgangers te bewerkstellig. Dit het ook praktiese riglyne probeer stel wat deur museums in omgewingsopvoedkundige programme gebruik kan word.

Hierdie werk bevat die referate wat tydens die simposium aangebied is. As dokument van wat tydens die simposium aangebied en bespreek is, is dit 'n besondere toevoeging tot die lys van beskikbare museologiese vakwetenskaplike publikasies. Die museologie as vakwetenskap in Suid-Afrika is nog in 'n groot mate in sy kinderskoene. Die publikasie is van groot waarde aangesien dit 'n nuwe dimense van die museumwese verken. Dit is inderdaad 'n pionierswerk, wat die betrokkenheid van museums by omgewingsopvoeding aanspreek en riglyne aanbied van hoe museums in hierdie verband met die gemeenskap kan skakel.

Dit gebeur dikwels dat konferensies en seminare aangebied word, om dan gou daarna bloot interessantheidswaarde oor te hou. Dit is egter duidelik dat die publikasie ten doel het, en goed daarin slaag, om iets tasbaar, iets bruikbaar daar te stel wat ook lank na die simposium as 'n verwysingsbron kan dien. In hierdie opsig slaag dit uitstekend.

Die inhoud is sprekend van die diversiteit wat die omgewing bied: verskillende sprekers, uiteenlopende vakgebiede, verskeidenheid perspektiewe. Die uiteenlopende perspektiewe versinnebeeld die kompleksiteit van omgewingsopvoeding.

Wanneer 'n publikasie van hierdie aard saamgestel word, stel dit vanselfsprekend bepaalde uitdagings aan 'n redakteur. Eerstens moet die uiteenlopende bydraes uit uiteenlopende vakgebiede in 'n eenheid saamgebind word. Verder moet die onderskeie outeurs se bydraes in eie reg erken word. Dit is geen maklike taak nie.

Ook hierdie publikasie toon die gebrek aan 'n eenvormige redaksionele benadering aangesien bydraes uit verskillende vakgebiede met verskillende skryftradisies in een publikasie hanteer moet word. Nie alle artikels bevat verwysings of bronne nie. Soms word na "references" verwys, soms na 'n "reference list", terwyl "verwysings" en "bibliografie" ook gebruik word. Een van die sestien bydraes gebruik 'n voetnootverwysingstelsel. Daarbenewens is die verwysings na bronne nie volgens 'n eenvormige styl nie. Soms word die datum van uitgawe in hakies na die outeur geplaas, ander kere daarsonder.

Die meertaligheid van die bydraes bevorder ook nie 'n eenvormige aanslag of styl nie. Sewe van die artikels is in Afrikaans aangebied, waarvan sommiges ook Engelse teksgedeeltes insluit.

'n Voorwoord en 'n Inleiding word gebruik. Ten einde groter eenheid in hierdie tipe van verslagpublikasie of referaatbundel te bewerkstellig, kon dié twee gedeeltes maklik saamgevat gewees het.

Die redakteur slaag nogtans goed daarin om in die Inleiding 'n raamwerk vir die inhoudelike te skep en om die

uiteenlopende bydraes later weer in perspektief te plaas met 'n bondige "Conclusion". Dit word ook aangevul met praktiese riglyne vir museums se betrokkenheid by omgewingsopvoeding.

Die omslag van die publikasie is kleurvol en aantreklik, met figure wat treffend aansluit by die sentrale tema rondom die omgewing. Ten spyte van die treffende omslag is die gebrek aan figure of ander illustratiewe materiaal 'n leemte, hoewel die gebruik daarvan die koste van die publikasie sou beïnvloed.

Die teks is besonder goed nagegaan en vertoon min ooglopende foute. Die mees opvallende proefleesfout verskyn op p. 2 waar twee sinne voorkom, terwyl die oorspronklike bedoeling duidelik een sin was. Sommige bydraes se subhoofde verskyn in hoofletters, terwyl ander artikels weer vetdruk gebruik. Een artikel begin byvoorbeeld met die opskrif "INLEIDING" in hoofletters, waarna verdere opskrifte oorskakel na onderkas.

Opsommend kan dit gestel word dat die publikasie 'n welkome toevoeging tot die museumkundige literatuur is. Tematies kan dit as 'n pionierswerk beskou word. Hoewel enkele redaksionele leemtes aangedui is, verlaag dit geensins die wetenskaplike bruikbaarheid van die inhoud nie. Tewens, dit is baie prakties gerig en teen die prys is dit goeie waarde vir geld. Dit kan aanbeveel word vir museumkundiges, museumopvoedkundiges asook omgewingskundiges.

J.F.T. BARTMANN
*Pretoria*